Voortrekkersweg 1050
Wonderboom-Suid
Pretoria 0084
Tel: 012 3356806
Web: www.wonnies.co.za
E-pos: hswb@wonnies.co.za

HOËRSKOOL WONDERBOOM

NUUSBRIEF 20/8/2021

MATRIEKRAAD 2021-2022

Baie geluk aan die volgende leerders wat verkies is tot die matriekraad vir 2021-2022.
Die Hoofleiers en Huisleiers word op 24 Augustus tydens die inhuldigingsfunksie aangekondig:

	SEUNS		DOGTERS
1	DA SILVA DEVIN	1	BEUKES TANJA
2	DE KOKER TIAAN	2	BOTES JORDAN
3	DU PLESSIS THINUS	3	DU PREEZ KLARISE
4	HEUNIS JAYDEN	4	GILARDI SONIQUE
5	HOLLOWAY STEPHEN	5	HOMAN MICHÁN
6	LOUW WIAN	6	JANSE V RENSBURG DUANIQUE
7	McCABE STEVEN	7	KOKT JENNA
8	MEYER STEYN	8	LANGENHOVEN MONIQUE
9	PALM MARSHALL	9	MALEBYE MALEBO
10	ROSSOUW SEAN	10	MALULEKA TSONA
11	STOMAN DWIGHT	11	MILLS HAZEL
12	VAN JAARSVELD FREDERIK	12	NKOANA KUTLWANO
13	VENTER HANTHYS	13	SWART SIMONÉ
14	REINERS MARCO	14	THERON MARILEE
		15	WILKINS AMONÉ

GHOLFDAG – 17 SEPTEMBER

Hou jy van voëls? Nee man… Gholf voëls! As jy brijant speel, is jy mos 'n albatros… vaar jy bietjie swakker, noem ons jou 'n arend… of is jy net 'n gewone voëltjie?
Dit maak eintlik nie saak nie, want jy kan as Gholfspeler deelneem óf jy kan hoog vlieg, deur eenvoudig te ondersteun! Hoe kan die Wonnies ondersteun?

Daar is drie aspekte waarby jy betrokke kan raak:

1. Bring enige lekkerny of versnapering na die skool en handig dit voor 10 September by mnr. Schmahl se kantoor in. Hiermee gaan ons 'n kruiwa propvol lekkernye pak, wat by die Gholfdag uitgeloot gaan word, of…
2. Elke Wonnie gaan 'n lootjielys kry – jy hoef slegs 5 lootjies van R10.00 elk te verkoop. Gee jou voltooide lys tesame met die R50.00 in en daar gaan met jou gereël word dat jy skool toe kan kom met gewone klere (Die wenklas gaan ook glo bederf word!) of…
3. Oortuig die gholfster in jou gesin of familie om hul setyster skerp te maak, hul drywer blink te vryf en te kom deelneem. Dalk slaan hul nog 'n kolhou!

Indien jy nog enige inligting benodig, kontak gerus mnr. Schmahl by carl@wonnies.co.za of mnr. Janse van Rensburg by rugby@wonnies.co.za

Onthou: Hierdie fondsinsameling is vir ons behoeftige fonds – kom ondersteun gerus jou mede-Wonnies.

GELUKWENSING: FIETSRY

Baie geluk aan Nathan Edwards (Graad 10) wat tydens die 0/17 Rooiwal Cycle Challenge 'n derde plek losgery het!

GRAAD 8 (2022) INSKRYWINGS

Die Graad 8-aansoeke het op 10 Augustus op die departementele aanlynstelsel begin. Sodra u aanlyn aansoek gedoen het, moet u binne SEWE dae u dokumente ingee. Gee ook asseblief die oorspronklike dokumente, tesame met die Leerder Inligtingboek (verkrygbaar op die webwerf by www.wonnies.co.za) by die skool in.

Mnr en Mej Wonnie

Die mnr. en mej. Wonnie Dogters-Finaliste het op Saterdag 31 Julie `n heerlike oggend gehad. Hulle het die geleentheid gehad om elkeen drie stelle oorbelle van Polymer-klei te maak danksy Netanya Jansen van Mish Jewellery & CO. Sy is die jaar een van die borge asook `n beoordelaar op die Gala-aand wat op 23 September 2021 plaasvind.

TOETSROOSTER – KWARTAAL 3

Sien asseblief die aangehegte toetsrooster vir kwartaal 3. Maak seker dat elke leerder bewus is wanneer en waar hulle skryf. Die vakke word geplaas, waar moontlik, op datums waar die Graad 12-leerders nie skryf nie – dit word juis so gedoen ten einde genoegsame toesighouers (personeel) beskikbaar te hê. Sommige vakke word egter in klastyd hanteer.
Die Graad 10- tot 11-leerders skryf, waar moontlik, in die Wonderboomsaal, terwyl die Graad 8- tot 9-leerders in voogklasverband skryf.

Datums wat aangedui word in donkerblou, is die dae wanneer die toets om 13:00 begin. Slegs leerders wat dan die toets moet aflê, sal by die skool bly. Leerders wat nie die vak het nie (Graad 10-11) verdaag dus daardie dae om 13:00.

SEUNS VOORKOMS: SKEER VAN BAARDE

Graag vra ons u ondersteuning rakende die seuns in ons skool se voorkoms. Ons besef dat hul maskers dra, maar hul moet steeds aan die skool se voorkomsreëls, wat beteken geen baard en wolwange (sidies) nie, voldoen. Indien 'n seun se baard sigbaar is agter die masker of die wolwange laer as die oorgaatjie is, voldoen hy tog glad nie meer aan die skoolreëls nie. So 'n leerder gaan gevra word om gou sy voorkoms tuis te gaan herstel, voordat hy kan terugkeer skool toe.
Ondersteun ons asseblief deur seker te maak u kind voldoen aan die voorkomsreëls voordat hy skool toe kom.

WONNIES SPEEL MUURBAL!

Die Wonnies nooi jou uit om saam te kom muurbal speel! Daar is 'n TuksSport-afrigter wat vir die volgende twee maande die Wonnies gaan help om pragdiene te slaan! Oefeninge is Maandae en Donderdae (14:30-16:00) by Adelaars Squash Klub. Al wat jy nodig het is jou eie 'non-marking' skoene. Die res word deur die skool voorsien. Kontak juf. Richter vir meer inligting.

MNR M LEZAR
SKOOLHOOF

TOETSROOSTER KWARTAAL 3

DAG	DATUM	GRAAD 8		GRAAD 9		GRAAD 10		GRAAD 11	
Woensdag	1 September	Eng	Voogklas	EBW	Voogklas	Gasvryheid IT	Saal (13:00) Klastyd	Gasvryheid	Saal (13:00)
Vrydag	3 September					Geografie	Saal (13:00)	Geografie IT	Saal (13:00) Klastyd
Maandag	6 September					RTT (Prakties)	Klastyd	Visuele Kuns	Klastyd
Dinsdag	7 September					Rek	Klastyd	Rek Ontwerp	Klastyd Klastyd
Woensdag	8 September	NW	Voogklas	Eng	Voogklas	Besigheid	Saal (13:00)	LW	Saal (13:00)
Donderdag	9 September	EBW	Voogklas	NW	Voogklas	Wisk Wisk Gel Visuele Kuns	Saal (13:00) Saal (13:00) Klastyd	Wisk Wisk Gel	Saal (13:00) Saal (13:00)
Vrydag	10 September					Ekonomie Ontwerp	Klastyd Klastyd	RTT Ekonomie	Klastyd Klastyd
Maandag	13 September					RTT	Klastyd	IT	Klastyd
Dinsdag	14 September	Wisk	Voogklas	Wisk	Voogklas	LW	Saal (13:00)	Besigheid	Saal (13:00)
Woensdag	15 September					IT (Prakties)	Klastyd	RTT (Prakties)	Klastyd
Donderdag	16 September			SWA	Voogklas	FW	Saal (13:00-15:00)	Wisk	Saal (13:00)
Vrydag	17 September					Toerisme	Saal (13:30)	Toerisme	Saal (13:30)